



RAAD OP REKENINGKUNDIGE STANDAARDE

STANDAARD VAN ALGEMEEN ERKENDE

REKENINGKUNDIGE PRAKTYK

BELANGE IN GESAMENTLIKE ONDERNEMINGS

(AERP 8)

Erkenning

Hierdie Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) kom primêr uit die International Public Sector Accounting Standard (IPSAS) oor wat uitgegee is deur die International Federation of Accountants se International Public Sector Accounting Standards Board (IPSASB). Die International Federation of Accountants (IFAC) is in 1977 gestig met die missie om die professie te ontwikkel en te verbeter deur geharmonieerde standaarde. IPSASB het 'n omvattende korpus van IPSAS'e uitgegee, wat gebruik sal word om toekomstige Standaarde van AERP te produseer. Uittreksels uit die IPSAS oor *Finansiële Verslagdoening oor Belange in Gesamentlike Ondernemings* word met die toestemming van die IPSASB in hierdie Standaard van AERP gereproduseer.

Die goedgekeurde teks van die IPSAS'e is dié wat deur die IFAC in die Engelse taal gepubliseer is. Die IPSAS'e is vervat in IFAC se Handbook of International Public Sector Accounting Pronouncements en kan verkry word van:

International Federation of Accountants

545 Fifth Avenue, 14th Floor

New York, New York 10017 USA

Internet: <http://www.ifac.org>

Kopiereg vir IPSAS'e, konsepte vir kommentaar en ander publikasies van die IPSASB is gevestig in IFAC en die bepalings en voorwaardes wat daaraan verbonde is, moet nagekom word.

Hierdie Standaard het ook gebruik gemaak van die International Accounting Standards (IAS), met inbegrip van vertolkings wat deur die International Accounting Standards Board (IASB) uitgegee is. Die goedgekeurde teks van die IAS is dié wat deur die IASB in die Engelse taal gepubliseer is en afskrifte kan verkry word van:

IASB Publications Department

7th floor, 166 Fleet Street

London EC4A 2DY

Verenigde Koninkryk

Internet: <http://www.iasb.org.uk>

Kopiereg vir IAS'e, vertolkings, konsepte vir kommentaar en ander publikasies van die IASB is gevestig in die International Accounting Standards Foundation (IASCF) en die bepalings en voorwaardes wat daaraan verbonde is, moet nagekom word.



AERP 8

Raad op Rekeningkundige Standaarde
Posbus 74129
Lynnwoodrif
0040

Kopiereg © 2005 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde

Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie publikasie mag sonder voorafgaande skriftelike toestemming van die Raad op Rekeningkundige Standaarde gereproduseer, in 'n stelsel vir inligtingsontsluiting bewaar of in enige vorm of op enige wyse, elektronies, meganies, deur fotokopiëring, by wyse van 'n opname of andersins gereproduseer of weergegee word nie.

Toestemming om beperkte uittreksels uit die publikasie te reproduseer sal gewoonlik nie weerhou word nie.

Inhoud

Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk Belange in Gesamentlike Ondernemings

	Paragrawe
Inleiding	
Oogmerk	.01 - .03
Omvang	.04 - .06
Woordomsrywings	.07 - .18
Bindende reëling	.11 - .14
Vorme van gesamentlike onderneming	.15 - .16
Gesamentlike beheer	.17 - .18
Gesamentlik beheerde bedrywighede	.19 - .23
Gesamentlik beheerde bates	.24 - .30
Gesamentlik beheerde entiteite	.31 - .51
Finansiële state van 'n ondernemer	.37 - .51
Proporsionele konsolidasie	.37 - .44
Ekwiteitsmetode	.45 - .48
Uitsonderings op die metode van proporsionele konsolidasie en die ekwiteitsmetode	.49
Afsonderlike finansiële state van 'n ondernemer	.50 - .51
Transaksies tussen 'n ondernemer en 'n gesamentlike onderneming	.52 - .56
Niemonetêre bydraes deur ondernemers	.57 - .62
Verslagdoening oor belange in gesamentlike ondernemings in die finansiële state van 'n belegger	.63
Aanspreeklike ondernemers van gesamentlike ondernemings	.64 - .65
Openbaarmaking	.66 - .70
Oorgangsbepalings	.71
Datum van inwerkingtrede	.72
Herroeping van ander uitsprake	.73
Vergelyking met die <i>International Public Sector Accounting Standard</i> oor <i>Financial Reporting of Interests in Joint Ventures</i> (Mei 2000)	

BELANGE IN GESAMENTLIKE ONDERNEMINGS

Hierdie Standaard is oorspronklik in November 2005 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) uitgegee. Sedertdien is dit gewysig met gevolglike wysigings toe die volgende Standaarde van AERP in werking getree het:

- AERP 21 *Waardedaling van Niekontantgenererende Bates*
- AERP 26 *Waardedaling van Kontantgenererende Bates*
- AERP 104 *Finansiële Instrumente*
- AERP 100 *Gestaakte Bedrywighede*, wat in 2013 hersien is.

Inleiding

Standpunte oor Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk

Daar word ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig (WOFB), van die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) vereis om algemeen erkende rekeningkundige praktyk genaamd Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) te bepaal.

Die Raad moet AERP bepaal vir:

- (a) departemente (met inbegrip van nasionale en provinsiale regeringskomponente);
- (b) openbare entiteite;
- (c) handelsentiteite (soos in die WOFB omskryf);
- (d) grondwetlike instellings;
- (e) munisipaliteite en rade, kommissies, maatskappye, korporasies, fondse of ander entiteite onder die eienaarskapsbeheer van 'n munisipaliteit; en
- (f) die Parlement en die provinsiale wetgewers.

Bogenoemde word in Standaarde van AERP gesamentlik “entiteite” genoem.

Die Raad het die toepassing van Standpunte oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (AARP) soos op 1 April 2012, soos dit deur die Raad op Rekeningkundige Praktyke gekodifiseer en deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters uitgegee is, goedgekeur om AERP te wees vir:

- (a) staatsakeondernemings (soos in die WOFB omskryf);
- (b) enige ander entiteit, uitgesonderd 'n munisipaliteit, wie se gewone aandele, potensiële gewone aandele of skuld openbaar op die kapitaalmarkte verhandelbaar is; en
- (c) entiteite onder die eienaarskapsbeheer van enige van hierdie entiteite.



AERP 8

Die Raad het die toepassing van *International Financial Reporting Standards* (IFRS'e) uitgegee deur die *International Accounting Standards Board* goedgekeur as AERP vir hierdie entiteite waar hulle IFRS'e toepas.

Finansiële state moet beskryf word as sou dit aan Standaarde van AERP voldoen slegs indien hulle voldoen aan al die vereistes van elke toepaslike Standaard van AERP en enige verbandhoudende Vertolkings van die Standaarde van AERP en enige verbandhoudende vertolking wat moontlik in die toekoms uitgegee kan word.

Enige beperking op die toepaslikheid van spesifieke Standaarde word in daardie Standaarde duidelik gemaak.

Die Standaard van AERP oor *Belange in Gesamentlike Ondernemings* word in paragraaf .01 tot .73 uiteengesit. Alle paragrawe in hierdie Standaard is ewe gesaghebbend. Hierdie Standaard moet gelees word in die konteks van die doelstelling daarvan, die grondslag vir gevolgtrekkings, indien toepaslik, die *Voorwoord tot Standaarde van AERP* en die *Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding van Finansiële State*.

Standaarde van AERP moet ook in samehang gelees word met enige direktiewe wat deur die Raad uitgegee word en oorgangsbepalings voorskryf, asook saam met enige regulasies wat deur die Minister van Finansies uitgereik is betreffende die datums van inwerkingtrede van die Standaarde van AERP, soos in die Staatskoerant gepubliseer is.

Daar kan 'n verwysing wees na 'n Standaard van AERP wat nog nie uitgegee is op die tydstip wanneer hierdie Standaard uitgegee word nie. Dit word gedoen om te vermy om die Standaard wat reeds uitgereik is, te verander wanneer 'n latere Standaard uitgegee word. Paragraaf 11 van die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleide, Veranderings in Rekeningkundige Ramings en Foute* voorsien in die afwesigheid van uitdruklike leiding 'n grondslag vir die keuse en toepassing van rekeningkundige beleide.

Doelstelling

- .01 Die doelstelling van hierdie Standaard is om die rekeningkundige behandeling van gesamentlik beheerde bedrywighede, gesamentlik beheerde bates en gesamentlik beheerde entiteite voor te skryf en alternatiewe vir die erkenning van belange in gesamentlik beheerde entiteite te voorsien. Dit sit ook die openbaarmakingsvereistes van belange in gesamentlik beheerde entiteite uiteen.
- .02 Die Standaard vereis van 'n entiteit om belange in 'n gesamentlik beheerde entiteit te erken deur hetsy die metode van proporsionele konsolidasie of die ekwiteitsmetode te gebruik. Die Standaard stipuleer ook die vereistes vir die erkenning van surplusse of tekorte voortspruitend uit 'n ondernemer se bydrae of verkoop of koop van bates aan/van 'n gesamentlike onderneming.
- .03 Die Standaard vereis ook minimum openbaarmakings vir 'n ondernemer ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Voorsienings, Voorwaardelike Aanspreeklikhede en Voorwaardelike Bates*.

Omvang

- .04 *'n Entiteit wat finansiële state volgens die toevallingsgrondslag van rekeningkunde opstel en aanbied, moet hierdie Standaard toepas by die in rekening bring van belange in gesamentlike ondernemings en by verslagdoening oor die bates, laste, inkomste en uitgawes van gesamentlike ondernemings in die finansiële state van ondernemers en beleggers, ongeag die strukture of vorme waaronder die gesamentlike onderneming se aktiwiteite plaasvind. Dit is egter nie van toepassing nie op ondernemers se belange in gesamentlik beheerde entiteite wat gehou word deur:*

- (a) *(a) waagkapitaalorganisasies, of*
- (b) *onderlinge fondse, effektrusts en soortgelyke entiteite, met inbegrip van beleggingsgekoppelde versekeringsfondse*

wat by aanvanklike erkenning aangewys word as teen billike waarde deur surplus of tekort of wat as gehou vir verhandeling geklassifiseer is en in rekening gebring word ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Finansiële Instrumente. Sodanige beleggings moet teen billike waarde ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Finansiële Instrumente gemeet word, met veranderinge in billike waarde wat in die surplus of tekort in die tydperk van die verandering erken word.

- .05 Hierdie Standaard voorsien die grondslag vir die in rekening bring van belange in gesamentlike ondernemings.
- .06 *'n Ondernemer met 'n belang in 'n gesamentlik beheerde entiteit is vrygestel van paragraaf .37 (proporsionele konsolidasie) en .45 (ekwiteitsmetode) indien hy aan die volgende voorwaardes voldoen:*
 - (a) *die uitsondering in paragraaf .15 van die Standaard van AERP oor Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State van toepassing is, wat*

'n beheerende entiteit wat ook 'n belang in 'n gesamentlik beheerde entiteit het, toelaat om nie gekonsolideerde finansiële state aan te bied nie; of

(b) al die volgende van toepassing is:

- (i) die ondernemer 'n beheerde volbesidentiteit is, of 'n beheerde deelbesidentiteit van 'n ander entiteit, en sy eienaars, met inbegrip van diegene wat nie andersins geregtig is om te stem nie, daaroor ingelig is, en nie beswaar daarteen gemaak het nie, dat die ondernemer nie proporsionele konsolidasie of die ekwiteitsmetode toepas nie;*
- (ii) die ondernemer se skuld- of ekwiteitsinstrumente nie op 'n openbare mark verhandel word nie ('n binnelandse of buitelandse effektebeurs of 'n oor-die-toonbank-mark, met inbegrip van plaaslike en streeksmarkte);*
- (iii) die ondernemer nie sy finansiële state by 'n sekuriteitekommissie of ander regulatoriese organisasie ingedien het nie, of in die proses is om dit in te dien, met die doel om enige klas instrumente op 'n openbare mark uit gee nie; en*
- (iv) die uiteindelijke of enige intermediêre beheerende entiteit van die ondernemer gekonsolideerde finansiële state produseer wat vir openbare gebruik beskikbaar is en aan Standaarde van AERP voldoen.*

Woordomsrywings

.07 Die volgende terme word met die gespesifiseerde betekenisse in hierdie Standaard gebruik:

Toevallingsgrondslag beteken 'n grondslag van rekeningkunde waarvolgens transaksies en ander gebeure erken word wanneer dit voorkom (en nie slegs wanneer kontant of die ekwivalent daarvan ontvang of betaal word nie). Die transaksies en ander gebeure word dus in die rekeningkundige rekords geboekstaaf en erken in die finansiële state van die tydperke waarop hulle van toepassing is. Die elemente wat onder toevallingsrekeningkunde erken word, is bates, laste, netto bates, inkomste en uitgawes.

Bates is hulpbronne wat deur 'n entiteit as gevolg van gebeure in die verlede beheer word en waaruit toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal verwag word om na die entiteit te vloei.

Geassosieerde is 'n entiteit, met inbegrip van 'n ongeïnkorporeerde entiteit soos 'n vennootskap, waarin die belegger beduidende invloed het en wat nóg 'n beheerde entiteit nóg 'n belang in 'n gesamentlike onderneming is.

Kontant bestaan uit kontant voorhande en aanvraagdeposito's.

Kontantvloei is invloei en uitvloei van kontant en kontantekwivalente.

Gekonsolideerde finansiële state is die finansiële state van 'n ekonomiese entiteit wat as dié van 'n enkele entiteit aangebied word.

Bydraes van eienaars beteken toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat bygedra is tot die entiteit deur partye buite die entiteit, uitgesonderd dié wat laste van die entiteit tot gevolg het, wat 'n finansiële belang in die netto bates van die entiteit vestig, en wat:

- (a) Geregtigdheid op uitkerings van toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal deur die entiteit gedurende sy leeftyd oordra, en sodanige uitkerings is na die goeddunke van die eienaars of hul verteenwoordigers, en op uitkerings van enige oorskot van bates bo laste in die geval waar die entiteit gelikwideer word; en/of
- (b) Verkoop, geruil, oorgedra of afgelos kan word.

Beheer is die bevoegdheid om die finansiële en bedryfsbeleide van 'n ander entiteit korporatief te bestuur ten einde voordeel uit die bedrywighede daarvan te trek.

Beheerde entiteit is 'n entiteit, met inbegrip van 'n ongeïnkorporeerde entiteit soos 'n vennootskap, wat deur 'n ander entiteit (bekend as die beherende entiteit) beheer word.

Beherende entiteit is 'n entiteit wat een of meer beheerde entiteite het.

Uitkerings aan eienaars beteken toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat deur die entiteit uitgekeer word aan al of sommige van sy eienaars, hetsy as 'n opbrengs op belegging of as 'n terugbetaling van belegging.

Ekonomiese entiteit beteken 'n groep entiteite wat 'n beherende entiteit en een of meer beheerde entiteite behels.

Ekwiteitsmetode is 'n metode van rekeningkunde waardeur 'n belegging aanvanklik teen kosprys erken word en daarna vir die naverkrygingsverandering in die belegger se deel van netto bates van die beleggingnemer aangesuiwer word. Die surplus of tekort van die belegger sluit die belegger se deel van die surplus of tekort van die beleggnemer in.

Uitgawes is afnames in ekonomiese voordele of dienspotensiaal gedurende die verslagdoeningstydperk in die vorm van uitvloeï of verbruik van bates of oploping van laste wat verminderings in netto bates tot gevolg het, uitgesonderd dié met betrekking tot uitkerings aan eienaars.

Staatsakeonderneming beteken 'n entiteit wat, ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig:

- (a) 'n regspersoon onder die eienaarskapsbeheer van die nasionale/provinsiale uitvoerende bestuur is;
- (b) met die finansiële en bedryfsbevoegdheid beklee is om 'n sakeaktiwiteit te bedryf;

- (c) as sy hoofbesigheid goedere of dienste ooreenkomstig gewone sakebeginsels voorsien; en
- (d) ten volle of wesenlik gefinansier is uit bronne buiten:
 - (i) die Nasionale of Provinsiale Inkomstefonds; of
 - (ii) by wyse van 'n belasting, heffing of ander statutêre geld.

'n Belegger in 'n gesamentlike onderneming is 'n party by 'n gesamentlike onderneming wat nie gesamentlike beheer oor daardie gesamentlike onderneming het nie.

Gesamentlike beheer is die ooreengekome deling van beheer oor 'n aktiwiteit deur 'n bindende reëling wat slegs bestaan indien die strategiese finansiële en bedryfsbesluite met betrekking tot die aktiwiteit die eenparige instemming vereis van die partye wat beheer deel (die ondernemers).

'n Gesamentlike onderneming is 'n bindende reëling waardeur twee of meer partye daartoe verbind word om 'n aktiwiteit te onderneem wat aan gesamentlike beheer onderworpe is.

Laste is huidige verpligtinge van die entiteit voortspruitend uit vorige gebeure, waarvan die aflossing na verwagting 'n uitvloeï uit die entiteit tot gevolg sal hê van hulpbronne wat ekonomiese voordele of dienspotensiaal behels.

Netto bates is die residuele belang in die bates van die entiteit ná aftrekking van al sy laste.

Proporsionele konsolidasie is 'n metode van rekeningkunde en verslagdoening waardeur 'n ondernemer se deel van elk van die bates, laste, inkomste en uitgawes van 'n gesamentlik beheerde entiteit op 'n lyn-vir-lyn-grondslag met soortgelyke items in die ondernemer se finansiële state gekombineer word of as afsonderlike lynitems in die ondernemer se finansiële state gerapporteer word.

Inkomste is die bruto invloei van ekonomiese voordele of dienspotensiaal gedurende die verslagdoeningstydperk wanneer daardie invloei 'n toename in netto bates tot gevolg het, uitgesonderd dié met betrekking tot bydraes van eienaars.

Afsonderlike finansiële state is dié wat deur 'n beherende entiteit, 'n belegger in 'n geassosieerde of 'n ondernemer in 'n gesamentlik beheerde entiteit aangebied word, waarin die beleggings in rekening gebring word op die grondslag van die regstreekse netto baterente eerder as op die grondslag van die gerapporteerde resultate en netto bates van die beleggingnemers.

Beduidende invloed is die vermoë om aan die finansiële en bedryfsbeleidbesluite van 'n aktiwiteit deel te neem, maar is nie beheer of gesamentlike beheer oor daardie beleide nie.

'n Ondernemer is 'n party by 'n gesamentlike onderneming en het gesamentlike beheer oor daardie gesamentlike onderneming.

AERP 8

Terme wat in ander Standaarde van AERP omskryf word, word in hierdie Standaard gebruik met dieselfde betekenis as in daardie ander Standaarde.

- .08 Finansiële state waarin proporsionele konsolidasie of die ekwiteitsmetode toegepas word, is nie afsonderlike finansiële state nie, nóg is dit die geval met die finansiële state van 'n entiteit wat nie 'n beheerde entiteit, geassosieerde of ondernemersbelang in 'n gesamentlik beheerde entiteit het nie.
- .09 Afsonderlike finansiële state is dié wat aangebied word bykomend by gekonsolideerde finansiële state, finansiële state waarin beleggings met gebruik van die ekwiteitsmetode in rekening gebring word en finansiële state waarin ondernemersbelange in gesamentlike ondernemings proporsioneel gekonsolideer word. Afsonderlike finansiële state hoef nie by daardie state aangeheg te word of dit te vergesel nie.
- .10 Entiteite wat ooreenkomstig paragraaf .15 van die Standaard van AERP oor *Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State* vrysgestel is van konsolidasie, ooreenkomstig paragraaf .21(b) van die Standaard van AERP oor *Beleggings in Geassosieerdes* van die toepassing van die ekwiteitsmetode of ooreenkomstig paragraaf .06 van hierdie Standaard van die toepassing van proporsionele konsolidasie of die ekwiteitsmetode mag afsonderlike finansiële state as hul enigste finansiële state aanbied.

Bindende reëling

- .11 Die bestaan van 'n bindende reëling onderskei belange wat gesamentlike beheer behels van beleggings in geassosieerdes waar die belegger beduidende invloed het (kyk die Standaard van AERP oor *Beleggings in Geassosieerdes*). Vir die doeleindes van hierdie Standaard sluit 'n reëling alle bindende reëlings tussen ondernemers in. Dit wil sê, in wese dra die reëling soortgelyke regte en verpligtinge op die partye daarby oor asof dit in die vorm van 'n kontrak was. Twee staatsdepartemente kan byvoorbeeld 'n formele reëling aangaan om 'n gesamentlike onderneming aan te pak, maar die reëling kan moontlik nie 'n wetlike kontrak uitmaak nie omdat, in daardie jurisdiksie, individuele departemente nie afsonderlike regsentiteite mag wees wat die gesag het om kontrakte te sluit nie. Aktiwiteite wat geen bindende reëling het om gesamentlike beheer tot stand te bring nie, is nie gesamentlike ondernemings vir die doeleindes van hierdie Standaard nie.
- .12 Daar kan 'n aantal bewyse van hierdie bindende reëling wees, byvoorbeeld 'n kontrak tussen die ondernemers of notules van besprekings tussen die ondernemers. In sommige gevalle is die bindende reëling in die instaatstellende wetgewing, artikels of ander verordeninge van die gesamentlike onderneming ingesluit. Wat ook al die vorm, die bindende reëling is gewoonlik skriftelik en handel oor aangeleenthede soos:
 - (a) die aktiwiteit, duur en verslagdoeningsverpligtinge van die gesamentlike onderneming;
 - (b) die aanstelling van die direksie of ekwivalente korporatiewe bestuursliggaam van die gesamentlike onderneming en die stemregte van die ondernemers;

- (c) kapitaalbydraes deur die ondernemers; en
 - (d) die deel deur die ondernemers van die uitset, inkomste, uitgawes, surplusse of tekorte, of kontantvloeï van die gesamentlike onderneming.
- .13 Die bindende reëling bring gesamentlike beheer oor die gesamentlike onderneming tot stand. Sodanige vereiste verseker dat geen enkele ondernemer in 'n posisie is om die aktiwiteit eensydig te beheer nie. Die bindende reëling identifiseer daardie besluite op gebiede wat noodsaaklik vir die doeleindes van die gesamentlike ondernemer is en wat die instemming van al die ondernemers vereis en daardie besluite wat die instemming van 'n gespesifiseerde meerderheid van die ondernemers kan vereis.
- .14 Die bindende reëling kan een ondernemer as die aanspreeklike ondernemer of bestuurder van die gesamentlike onderneming identifiseer. Die aanspreeklike ondernemer beheer nie die gesamentlike onderneming nie maar tree binne die finansiële en bedryfsbeleid op waaroor die ondernemers ooreengekom het ooreenkomstig die bindende reëling en wat aan die aanspreeklike ondernemer gedelegeer is. Indien die aanspreeklike ondernemer oor die gesag beskik om die finansiële en bedryfsbeleid van die aktiwiteit korporatief te bestuur, beheer hy die onderneming en is die onderneming 'n beheerde entiteit van die aanspreeklike ondernemer en nie 'n gesamentlike onderneming nie.

Vorme van gesamentlike onderneming

- .15 Baie entiteite bring gesamentlike ondernemings tot stand om 'n verskeidenheid aktiwiteit aan te pak. Die aard van hierdie aktiwiteite wissel van kommersiële ondernemings tot die voorsiening van gemeenskapsdienste teen geen koste nie. Die bepalings van 'n gesamentlike onderneming word in 'n kontrak of ander bindende reëling uiteengesit en spesifiseer gewoonlik die aanvanklike bydrae van elke gesamentlike ondernemer en die deel van die inkomste of ander voordele (indien daar is) en onkoste van die gesamentlike ondernemers.
- .16 Gesamentlike ondernemings neem talle verskillende vorme en strukture aan. Hierdie Standaard identifiseer drie breë tipes – gesamentlik beheerde bedrywighede, gesamentlik beheerde bates, en gesamentlik beheerde entiteite – wat oor die algemeen beskryf word as, en voldoen aan die omskrywing van, gesamentlike ondernemings. Alle gesamentlike ondernemings het die volgende gemeenskaplike kenmerke:
- (a) twee of meer ondernemers word deur 'n reëling verbind; en
 - (b) die bindende reëling bring gesamentlike beheer tot stand.

Gesamentlike beheer

- .17 Gesamentlike beheer kan uitgesluit wees indien 'n beleggingnemer in wetlike herorganisasie is of bedrywig is terwyl daar ernstige langtermynbeperkings op sy vermoë is om fondse na die ondernemer oor te dra. Indien gesamentlike beheer voortduur, is hierdie gebeure op sigself nie genoeg om dit te regverdig om nie

gesamentlike ondernemings ooreenkomstig hierdie Standaard in rekening te bring nie.

- .18 Toepassing van die omskrywing van gesamentlike beheer soos in hierdie Standaard omskryf, kan tot gevolg hê dat die ander identiteite geïdentifiseer word wat ook gesamentlik beheerde ondernemings is, benewens dié wat geïdentifiseer word deur voldoening aan toepaslike wetgewing.

Gesamentlik beheerde bedrywighede

- .19 Die bedryf van sommige gesamentlike ondernemings behels die gebruik van die bates en ander hulpbronne van die ondernemers eerder as die totstandbrenging van 'n korporasie, vennootskap of ander entiteit, of 'n finansiële struktuur wat afsonderlik van die ondernemers self is. Elke ondernemer gebruik sy eie eiendom, aanleg en toerusting en dra sy eie voorraad. Elke ondernemer gaan ook sy eie uitgawes en verpligtinge aan en neem sy eie finansiering op, wat sy eie verpligtinge verteenwoordig. Die aktiwiteite van die gesamentlike onderneming kan naas die ondernemer se soortgelyke aktiwiteite deur die ondernemer se werknemers uitgevoer word. Die gesamentlike onderneming-ooreenkoms voorsien gewoonlik 'n manier waarop die inkomste uit die verkoop of voorsiening van die gesamentlike produk of diens en enige uitgawes wat gesamentlik aangegaan word, onder die ondernemers verdeel word.
- .20 'n Voorbeeld van gesamentlik beheerde bedrywighede is wanneer twee of meer ondernemers hul bedrywighede, hulpbronne en kundigheid kombineer om 'n spesifieke produk, byvoorbeeld 'n vliegtuig, te vervaardig, te bemark en te versprei. Verskillende dele van die vervaardigingsproses word deur elk van die ondernemers uitgevoer. Elk van die ondernemers dra hul eie koste en neem 'n deel van die inkomste uit die verkoop van die vliegtuig, en sodanige deel word ooreenkomstig die reëling bepaal. 'n Verdere voorbeeld is wanneer twee entiteite hul bedrywighede, hulpbronne en kundigheid kombineer ten einde gesamentlik 'n diens soos bejaardesorg te lewer waar, ingevolge 'n ooreenkoms, 'n munisipaliteit huishoudelike dienste en 'n plaaslike hospitaal mediese sorg voorsien. Elk van die ondernemers dra hul eie koste en neem 'n deel van die inkomste, soos gebruikerskoste en staatstoelaes; sodanige deel word ooreenkomstig die bindende reëling bepaal.
- .21 ***Ten opsigte van sy belange in gesamentlik beheerde bedrywighede moet 'n ondernemer in sy afsonderlike finansiële state en gevolglik in sy gekonsolideerde finansiële state die volgende erken:***
- (a) ***die bates wat hy beheer en die laste wat hy aangaan; en***
 - (b) ***die uitgawes wat hy aangaan en sy deel van die inkomste wat hy uit die verkoop of voorsiening van goedere of dienste deur die gesamentlike onderneming verdien.***
- .22 Omdat die bates, laste, inkomste (indien daar is) en uitgawes in die finansiële state van die ondernemer erken word, word geen aansuiwerings of ander konsolidasieprosedures ten opsigte van hierdie items vereis wanneer die ondernemer gekonsolideerde finansiële state aanbied nie.

- .23 Afsonderlike rekeningkundige rekords kan moontlik nie vir die gesamentlike onderneming self vereis word nie en finansiële state kan moontlik nie vir die gesamentlike onderneming opgestel word nie. Die ondernemers kan egter bestuursrekeninge opstel sodat hulle die prestasie van die gesamentlike onderneming kan evalueer.

Gesamentlik beheerde bates

- .24 Sommige gesamentlike ondernemings behels die gesamentlike beheer, en dikwels die gesamentlike eienaarskap, deur die ondernemers van een of meer bates waartoe daar bygedra word, of wat verkry word vir die doel van, die gesamentlike onderneming en toegewy is aan die doeleindes van die gesamentlike onderneming. Die bates word gebruik om voordele vir die ondernemers te verkry. Elke ondernemer kan 'n deel van die uitset van die bates neem en dra 'n ooreengekome deel van die uitgawes wat aangegaan word.
- .25 Hierdie gesamentlike ondernemings behels nie die totstandbrenging van 'n korporasie, vennootskap of ander entiteit of 'n finansiële struktuur wat afsonderlik van die ondernemers self is nie. Elke ondernemer het beheer oor sy deel van toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal deur sy deel van die gesamentlik beheerde bate.
- .26 Sommige aktiwiteite in die openbare sektor behels gesamentlik beheerde bates. 'n Munisipaliteit kan byvoorbeeld 'n reëling met 'n privaatsektorkorporasie aangaan om 'n tolpad te bou. Die pad voorsien die burgers met verbeterde toegang tussen die munisipaliteit se nywerheidsgebied en sy hawegeriewe. Die pad voorsien ook die privaatsektorkorporasie van regstreekse toegang tussen hulle vervaardigingsaanleg en die hawe. Die ooreenkoms tussen die munisipaliteit en die privaatsektorkorporasie spesifiseer elke party se deel van inkomste en uitgawes wat met die tolpad verband hou. Dienooreenkomstig verkry elke ondernemer ekonomiese voordele of dienspotensiaal uit die gesamentlik beheerde bate en dra 'n ooreengekome gedeelte van die uitgawes verbonde aan die bedryf van die pad. Net so behels baie aktiwiteite in die olie-, gas- en mineraalekstraksiebedrywe gesamentlik beheerde bates. 'n Aantal olieproduksiemaatskappye kan byvoorbeeld 'n oliepypleiding gesamentlik beheer en bedryf. Elke ondernemer gebruik die pypleiding om sy eie produk te vervoer en in ruil daarvoor dra hy 'n ooreengekome gedeelte van die uitgawes verbonde aan die bedryf van die pypleiding. Nog 'n voorbeeld van 'n gesamentlik beheerde bate is wanneer twee entiteite 'n eiendom gesamentlik beheer en elk 'n deel van die huur wat ontvang word, neem en 'n deel van die uitgawes dra.
- .27 *Ten opsigte van sy belang in gesamentlik beheerde bates moet 'n ondernemer in sy afsonderlike finansiële state en gevolglik in sy gekonsolideerde finansiële state die volgende erken:***
- (a) *sy deel van die gesamentlik beheerde bates, volgens die aard van die bates geklassifiseer;***
- (b) *enige laste wat aangegaan is;***

- (c) *sy deel van enige laste wat gesamentlik met die ander ondernemers in verhouding tot die gesamentlike onderneming aangegaan is;*
 - (d) *enige inkomste uit die verkoop of gebruik van sy deel van die uitset van die gesamentlike onderneming, tesame met sy deel van enige uitgawes wat deur die gesamentlike onderneming aangegaan is; en*
 - (e) *enige uitgawes wat ten opsigte van sy belang in die gesamentlike onderneming aangegaan word.*
- .28 Ten opsigte van sy belang in gesamentlik beheerde bates sluit elke ondernemer in sy rekeningkundige rekords die volgende in en erken dit in sy finansiële state:
- (a) sy deel van die gesamentlik beheerde bates, geklassifiseer volgens die aard van die bates in plaas van as 'n belegging. 'n Deel van 'n gesamentlik beheerde pad word byvoorbeeld as eiendom, aanleg en toerusting geklassifiseer;
 - (b) enige laste wat hy aangegaan het, byvoorbeeld dié wat in die finansiering van sy deel van die bates aangegaan is;
 - (c) sy deel van enige laste wat gesamentlik met ander ondernemers in verband met die gesamentlike onderneming aangegaan is;
 - (d) enige inkomste uit die verkoop of gebruik van sy deel van die uitset van die gesamentlike onderneming, tesame met sy deel van enige uitgawes wat deur die gesamentlike onderneming aangegaan is; en
 - (e) enige uitgawes wat hy aangegaan het ten opsigte van sy belang in die gesamentlike onderneming, byvoorbeeld dié in verband met die finansiering van die ondernemer se belang in die bates en die verkoop van sy deel van die uitset.
- .29 Omdat die bates, laste, inkomste en uitgawes in die finansiële state van die ondernemer erken word, word geen aansuiwerings of ander konsolidasieprosedures ten opsigte van hierdie items vereis wanneer die ondernemer gekonsolideerde finansiële state aanbied nie.
- .30 Die behandeling van gesamentlik beheerde bates weerspieël die wese en ekonomiese werklikheid en, gewoonlik, die regsvorm van die gesamentlike onderneming. Afsonderlike rekeningkundige rekords vir die gesamentlike onderneming self kan beperk wees tot daardie uitgawes wat gesamentlik deur die ondernemers aangegaan is en uiteindelik deur die ondernemers volgens hul ooreengekome aandele gedra is. Finansiële state kan moontlik nie vir die gesamentlike onderneming opgestel word nie, hoewel die ondernemers bestuursrekeninge kan opstel sodat hulle die prestasie van die gesamentlike onderneming kan evalueer.

Gesamentlik beheerde entiteite

- .31 'n Gesamentlik beheerde entiteit is 'n gesamentlike onderneming wat die totstandbrenging van 'n korporasie, vennootskap of ander entiteit behels waarin elk

AERP 8

van die ondernemers 'n belang het. Die entiteit werk op dieselfde wyse as ander entiteite, behalwe dat 'n reëling tussen die ondernemers gesamentlike beheer oor die aktiwiteit van die entiteit tot stand bring.

- .32 'n Gesamentlik beheerde entiteit beheer die bates van die gesamentlike onderneming, gaan laste en uitgawes aan en verdien inkomste. Hy kan kontrakte in sy eie naam sluit en finansiering vir die doeleindes van die aktiwiteit van die gesamentlike onderneming opneem. Elke ondernemer is geregtig op 'n deel van surplusse van die gesamentlik beheerde entiteit, hoewel sommige gesamentlik beheerde entiteite ook 'n deling van die uitset van die gesamentlike onderneming behels.
- .33 'n Algemene voorbeeld van 'n gesamentlik beheerde entiteit is wanneer twee entiteite hul aktiwiteite in 'n spesifieke diensleweringveld kombineer deur die betrokke bates en laste in 'n gesamentlik beheerde entiteit oor te dra. Nog 'n voorbeeld ontstaan wanneer 'n entiteit 'n onderneming in die buiteland begin in samewerking met 'n regering of ander agentskap in daardie land deur 'n afsonderlike entiteit tot stand te bring wat gesamentlik deur die entiteit en die regering of agentskap in die buiteland beheer word.
- .34 Talle gesamentlik beheerde entiteite is in wese soortgelyk aan daardie gesamentlike ondernemings wat gesamentlik beheerde bedrywighede of gesamentlik beheerde bates genoem word. Die ondernemers kan byvoorbeeld 'n gesamentlik beheerde bate, soos 'n pad, om belasting- of ander redes na 'n gesamentlik beheerde entiteit oordra. Net so kan ondernemers bates tot 'n gesamentlik beheerde entiteit bydra wat gesamentlik bedryf sal word. Sommige gesamentlik beheerde bedrywighede behels ook die totstandbrenging van 'n gesamentlik beheerde entiteit om spesifieke aspekte van die aktiwiteit te beheer, byvoorbeeld die ontwerp, bemarking, verspreiding of naverkoopdiens van die produk.
- .35 'n Gesamentlik beheerde entiteit hou sy eie rekeningkundige rekords in stand en bied finansiële state op dieselfde wyse as ander entiteite in ooreenstemming met Standaarde van AERP of ander rekeningkundige standaarde aan, indien toepaslik.
- .36 Elke ondernemer dra gewoonlik kontant of ander hulpbronne aan die gesamentlik beheerde entiteit oor. Hierdie bydraes word in die rekeningkundige rekords van die ondernemer ingesluit en in die ondernemer se afsonderlike finansiële state as 'n belegging in die gesamentlik beheerde entiteit erken.

Finansiële state van 'n ondernemer

Proporsionele konsolidasie

- .37 ***'n Ondernemer moet al sy belange in 'n gesamentlik beheerde entiteit erken met gebruik van proporsionele konsolidasie of die alternatiewe metode wat in paragraaf .45 beskryf word. Indien proporsionele konsolidasie gebruik word, moet een van die twee verslagdoeningsformate wat hieronder geïdentifiseer word, gebruik word.***

AERP 8

- .38 'n Ondernemer erken sy belang in 'n gesamentlik beheerde entiteit met gebruik van een van die twee verslagdoeningsformate vir proporsionele konsolidasie, ongeag daarvan of hy ook beleggings in beheerde entiteite het al dan nie, en of hy sy finansiële state as gekonsolideerde finansiële state beskryf.
- .39 Wanneer 'n belang in 'n gesamentlik beheerde entiteit erken word, is dit noodsaaklik dat 'n ondernemer die wese en ekonomiese werklikheid van die reëling weerspieël, eerder as die gesamentlike onderneming se besondere struktuur of vorm. In 'n gesamentlik beheerde entiteit het 'n ondernemer beheer oor sy deel van toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal deur sy deel van die bates en laste van die onderneming. Hierdie wese en ekonomiese werklikheid word in die gekonsolideerde finansiële state van die ondernemer weerspieël wanneer die ondernemer sy belange in die bates, laste, inkomste en uitgawes van die gesamentlik beheerde entiteit rapporteer deur een van die twee verslagdoeningsformate vir proporsionele konsolidasie wat in paragraaf .41 beskryf word te gebruik.
- .40 Die toepassing van proporsionele konsolidasie beteken dat die gekonsolideerde state van finansiële stand van die ondernemer insluit sy deel van die bates wat hy gesamentlik beheer en sy deel van die laste waarvoor hy gesamentlik verantwoordelik is. Die gekonsolideerde staat van finansiële prestasie van die ondernemer sluit sy deel van die inkomste en uitgawes van die gesamentlik beheerde entiteit in. Baie van die prosedures wat tersaaklik is vir die toepassing van proporsionele konsolidasie is soortgelyk aan die prosedures vir die konsolidasie van beleggings in beheerde entiteite wat in die Standaard van AERP oor *Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State* uiteengesit word.
- .41 Verskillende verslagdoeningsformate kan gebruik word om uitvoering aan proporsionele konsolidasie te gee. Die ondernemer kan sy deel van elk van die bates, laste, inkomste en uitgawes van die gesamentlik beheerde entiteit met die soortgelyke items, lyn vir lyn, in sy finansiële state kombineer. Hy kan byvoorbeeld sy deel van die gesamentlik beheerde entiteit se voorraad met sy voorraad kombineer, en sy deel van die gesamentlik beheerde entiteit se eiendom, aanleg en toerusting met sy eiendom, aanleg en toerusting. Andersins kan die ondernemer afsonderlike lynitems vir sy deel van die bates, laste, inkomste en uitgawes van die gesamentlik beheerde entiteit in sy finansiële state insluit. Hy kan byvoorbeeld sy deel van 'n bedryfsbate van die gesamentlik beheerde entiteit afsonderlik as deel van sy bedryfsbates toon; hy kan sy deel van die eiendom, aanleg en toerusting van die gesamentlik beheerde entiteit afsonderlik as deel van sy eiendom, aanleg en toerusting toon. Beide hierdie verslagdoeningsformate het die rapportering van identiese bedrae surplusse en tekorte tot gevolg, asook van elke belangrike klassifikasie van bates, laste, inkomste en uitgawes.
- .42 Watter formaat ook al gebruik word om uitvoering aan proporsionele konsolidasie te gee, is dit nie toepaslik om enige bates of laste deur die aftrekking van ander bates of laste of enige inkomste of uitgawes deur die aftrekking van ander inkomste of uitgawes te verreken nie, tensy 'n wetlike reg van verrekening bestaan en die verrekening die verwagting wat betref die realisering van die bate of die vereffening van die las verteenwoordig.

AERP 8

- .43 'n Ondernemer moet die gebruik van proporsionele konsolidasie staak vanaf die datum waarop hy ophou om gesamentlike beheer oor 'n gesamentlik beheerde entiteit te hê.**
- .44 'n Ondernemer staak die gebruik van proporsionele konsolidasie van die datum waarop hy ophou om in die beheer van 'n gesamentlik beheerde entiteit te deel. Dit kan byvoorbeeld gebeur wanneer die ondernemer sy belang vervreem of wanneer sodanige eksterne beperkings op die gesamentlik beheerde entiteit geplaas word dat die ondernemer nie meer gesamentlike beheer het nie.

Ekwiteitsmetode

- .45 As 'n alternatief vir die proporsionele konsolidasie wat in paragraaf.37 beskryf word, moet 'n ondernemer sy belang in 'n gesamentlik beheerde entiteit met gebruik van die ekwiteitsmetode erken.**
- .46 'n Ondernemer erken sy belang in 'n gesamentlik beheerde entiteit met gebruik van die ekwiteitsmetode ongeag daarvan of hy ook beleggings in beheerde entiteite het en of hy sy finansiële state as gekonsolideerde finansiële state beskryf.
- .47 Sommige ondernemers erken hul belange in gesamentlik beheerde entiteite met gebruik van die ekwiteitsmetode soos in die Standaard van AERP oor *Beleggings in Geassosieerde* beskryf. Die gebruik van die ekwiteitsmetode word ondersteun deur diegene wat redeneer dat dit nie toepaslik is om beheerde items met gesamentlik beheerde items te kombineer nie, en diegene wat van mening is dat ondernemers beduidende invloed, eerder as gesamentlike beheer, in 'n gesamentlik beheerde entiteit het. Hierdie Standaard beveel nie die gebruik van die ekwiteitsmetode aan nie, omdat proporsionele konsolidasie die wese en ekonomiese werklikheid van 'n ondernemer se belang in 'n gesamentlik beheerde entiteit beter weerspieël, dit wil sê, beheer oor die ondernemer se deel van die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal. Nogtans laat hier Standaard die gebruik van die ekwiteitsmetode as 'n alternatiewe behandeling toe wanneer belange in gesamentlik beheerde entiteite erken word.
- .48 'n Ondernemer moet die gebruik van die ekwiteitsmetode staak vanaf die datum waarop hy ophou om gesamentlike beheer oor, of 'n beduidende invloed op, 'n gesamentlik beheerde entiteit te hê.**

Uitsonderings op die metode van proporsionele konsolidasie en die ekwiteitsmetode

- .49 Vanaf die datum waarop 'n gesamentlik beheerde entiteit 'n beheerde entiteit van 'n ondernemer word, moet die ondernemer al sy belange ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State in rekening bring. Vanaf die datum waarop 'n gesamentlik beheerde entiteit 'n geassosieerde van 'n ondernemer word, moet die ondernemer sy belang ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Beleggings in Geassosieerdes in rekening bring.**

Afsonderlike finansiële state van 'n ondernemer

- .50 ***'n Belang in 'n gesamentlik beheerde entiteit moet in 'n ondernemer se afsonderlike finansiële state in rekening gebring word, ooreenkomstig paragraaf .59 tot .61 van die Standaard van AERP oor Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State.***
- .51 Hierdie Standaard gee nie 'n mandaat oor watter entiteite afsonderlike finansiële state beskikbaar vir openbare gebruik produseer nie.

Transaksies tussen 'n ondernemer en 'n gesamentlike onderneming

- .52 ***Indien 'n ondernemer bates bydra tot of verkoop aan 'n gesamentlike onderneming, moet erkenning van enige gedeelte van 'n surplus of tekort op die transaksie die wese van die transaksie weerspieël. Terwyl die bates deur die gesamentlike onderneming behou word, en mits die ondernemer die beduidende risiko's en belonings van eienaarskap oorgedra het, moet die ondernemer slegs daardie gedeelte van die surplus of tekort erken wat aan die belange van die ander ondernemers toeskryfbaar is. Die ondernemer moet die volle bedrag van enige tekort erken indien die bydrae of verkoop bewys van 'n vermindering in die netto realiseerbare waarde van bedryfsbates of van 'n waardedalingsverlies voorsien.***
- .53 ***Indien 'n ondernemer bates by 'n gesamentlike onderneming koop, moet die ondernemer nie sy deel van die surplus van die gesamentlike onderneming op die transaksie erken nie totdat hy die bates aan 'n onafhanklike party verkoop. 'n Ondernemer moet sy deel van die tekorte wat die gevolg van hierdie transaksies is, op dieselfde wyse as surplus erken, behalwe dat surplus onmiddellik erken moet word indien dit 'n vermindering in die netto realiseerbare waarde van bedryfsbates of 'n waardedalingsverlies verteenwoordig.***
- .54 Om te evalueer of 'n transaksie tussen 'n ondernemer en 'n gesamentlike onderneming bewys van verswakking van 'n bate voorsien, bepaal die ondernemer die verhaalbare bedrag of die verhaalbare diensbedrag van die bates, ooreenkomstig die Standaarde van AERP oor Waardedaling van Kontantgenererende Bates of Waardedaling van Niekontantgenererende Bates.
- .55 In die bepaling van die waarde in gebruik van 'n kontantgenererende bate raam die ondernemer toekomstige kontantvloei vanaf die bate op die grondslag van voortgesette gebruik van die bate en die uiteindelijke vervreemding daarvan deur die gesamentlike onderneming.
- .56 In die bepaling van die waarde in gebruik van 'n niekontantgenererende bate raam die ondernemer die huidige waarde van die oorblywende dienspotensiaal van die bate met gebruik van die benaderings wat in die Standaard van AERP oor Waardedaling van Niekontantgenererende bates gespesifiseer word.

Niemonetêre bydraes deur ondernemers

AERP 8

- .57 'n Ondernemer kan niemonetêre bydraes aan 'n gesamentlik beheerde entiteit maak. Bydraes aan 'n gesamentlik beheerde entiteit is oordragte van bates deur ondernemers in ruil vir 'n netto batebelang in die gesamentlik beheerde entiteit. Sodanige bydraes kan verskeie vorme aanneem. Bydraes kan gelyktydig deur die ondernemer(s) gemaak word, hetsy wanneer die gesamentlik beheerde entiteit tot stand gebring word, of daarna. Die teenprestasie wat die ondernemer(s) in ruil ontvang vir bates wat tot die gesamentlik beheerde entiteit bygedra is, kan ook kontant of ander teenprestasie insluit wat nie van toekomstige kontantvloei van die gesamentlike beheerde entiteit afhang nie (“bykomende teenprestasie”).
- .58 'n Ondernemer moet surplusse en tekorte voortspruitend uit bydraes van niemonetêre bates tot gesamentlik beheerde entiteite erken met gebruik van hetsy die ekwiteitsmetode of proporsionele konsolidasie ooreenkomstig paragraaf .59 tot .62.
- .59 In die toepassing van paragraaf .58 op niemonetêre bydraes tot 'n gesamentlik beheerde entiteit in ruil vir 'n netto belang in die gesamentlik beheerde entiteit moet 'n ondernemer in die surplus of tekort vir die tydperk die gedeelte erken van 'n surplus of tekort wat aan die netto batebelange van die ander ondernemers toeskryfbaar is, behalwe indien:
- (a) die beduidende risiko's en belonings van eienaarskap van die bygedraagde niemonetêre bate(s) nie na die gesamentlik beheerde entiteit oorgedra is nie; of
 - (b) die surplus of tekort op die niemonetêre bydrae nie betroubaar gemeet kan word nie; of
 - (c) die bydraetransaksie nie kommersiële wese¹ het nie, soos daardie term in die Standaard van AERP oor *Eiendom, Aanleg en Toerusting* beskryf word.
- .60 Indien uitsonderingsparagraaf .59(a), (b) of (c) van toepassing is, word die surplus of tekort as ongerealiseer beskou en word dit dus nie in surplus of tekort erken nie, tensy paragraaf .61 ook van toepassing is.
- .61 Indien, benewens die ontvang van 'n netto batebelang in die gesamentlik beheerde entiteit, 'n ondernemer monetêre of niemonetêre bates ontvang, moet 'n toepaslike gedeelte van 'n surplus of tekort op die transaksie deur die ondernemer in surplus of tekort erken word.
- .62 Ongerealiseerde surplusse of tekorte op niemonetêre bates wat tot 'n gesamentlik beheerde entiteit bygedra word, moet teen die onderliggende bates ooreenkomstig die metode van proporsionele konsolidasie of teen die belegging ooreenkomstig die ekwiteitsmetode uitgeskakel word. Sodanige ongerealiseerde surplusse of tekorte moet nie as uitgestelde surplusse of tekorte in die ondernemer se gekonsolideerde staat van finansiële stand aangebied word nie.

¹ Die Standaard van AERP oor *Eiendom, Aanleg en Toerusting* vereis dat 'n entiteit 'n item van eiendom, aanleg en toerusting wat in ruil vir 'n niemonetêre bate of bates, of 'n kombinasie van monetêre en niemonetêre bates, verkry is, teen billike waarde moet meet, tensy die ruiltransaksie nie kommersiële wese het nie.

Verslagdoening oor belange in gesamentlike ondernemings in die finansiële state van 'n belegger

- .63** *'n Belegger in 'n gesamentlike onderneming wat nie gesamentlike beheer het nie, moet daardie belegging ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Finansiële Instrumente in rekening bring, of, indien hy beduidende invloed in die gesamentlike onderneming het, ooreenkomstig Standaard van AERP oor Beleggings in Geassosieerdes.*

Aanspreeklike ondernemers van gesamentlike ondernemings

- .64** *Aanspreeklike ondernemers of bestuurders van 'n gesamentlike onderneming moet enige gelde ooreenkomste die Standaard van AERP oor Inkomste uit Ruiltransaksies in rekening bring.*
- .65** Een of meer ondernemers kan as die aanspreeklike ondernemer of bestuurder van 'n gesamentlike onderneming optree. Aanspreeklike ondernemers word gewoonlik bestuursgeld vir sodanige pligte betaal. Die gelde word as 'n uitgawe deur die gesamentlike onderneming in rekening gebring.

Openbaarmaking

- .66** *Ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Voorsienings, Voorwaardelike Aanspreeklikhede en Voorwaardelike Bates moet 'n ondernemer die volgende openbaar maak:*
- (a) die totale bedrag van die volgende voorwaardelike aanspreeklikhede, tensy die waarskynlikheid van enige uitvloeï ter vereffening onwaarskynlik is, afsonderlik van die bedrag van ander voorwaardelike aanspreeklikhede:*
 - (i) enige voorwaardelike aanspreeklikhede wat die ondernemer aangegaan het met betrekking tot sy belange in gesamentlike ondernemings en sy deel in elk van die voorwaardelike aanspreeklikhede wat gesamentlik met ander ondernemers aangegaan is;*
 - (ii) sy deel van die voorwaardelike aanspreeklikhede van die gesamentlike ondernemings self waarvoor hy voorwaardelik aanspreeklik is; en*
 - (iii) daardie voorwaardelike aanspreeklikhede wat ontstaan omdat die ondernemer voorwaardelik aanspreeklik is vir die laste van die ander ondernemers van 'n gesamentlike onderneming;*
 - (b) 'n kort beskrywing van die volgende voorwaardelike bates en, indien toepaslik, 'n raming van hul finansiële uitwerking, indien 'n invloed van ekonomiese voordele of dienspotensiaal waarskynlik is:*

- (i) 'n voorwaardelike bate van die ondernemer wat ontstaan met betrekking tot sy belange in gesamentlike ondernemings en sy deel in elk van die voorwaardelike bates wat gesamentlik met ander ondernemers ontstaan het; en
 - (ii) sy deel van die voorwaardelike bates van die gesamentlike ondernemings self.
- .67 'n Ondernemer moet die totale bedrag van die volgende verpligtinge ten opsigte van sy belange in gesamentlike ondernemings afsonderlik van ander verpligtinge openbaar maak:
- (a) enige kapitaalverbintenisse van die ondernemer ten opsigte van sy belange in gesamentlike ondernemings en sy deel in die kapitaalverbintenisse wat gesamentlik met ander ondernemers aangegaan is; en
 - (b) sy deel van die kapitaalverbintenisse van die gesamentlike ondernemings self.
- .68 'n Ondernemer moet 'n lysing en beskrywing van belange in beduidende gesamentlike ondernemings en die gedeelte van die eienaarskapsbelang wat in gesamentlik beheerde entiteite gehou word, openbaar maak. 'n Ondernemer wat sy belange in gesamentlik beheerde entiteite met gebruik van die lyn-vir-lyn-verslagdoeningsformaat vir proporsionele konsolidasie of die ekwiteitsmetode rapporteer, moet die totale bedrae van elk van die bedryfsbates, niebedryfsbates, bedryfslaste, niebedryfslaste, inkomste en uitgawes in verband met sy belang in gesamentlike ondernemings openbaar maak.
- .69 'n Ondernemer moet die metode openbaar maak wat hy gebruik om sy belange in gesamentlik beheerde entiteite te erken.
- .70 'n Ondernemer moet ook die volgende openbaar maak:
- (a) belange in en die hoofaktiwiteite van die gesamentlike ondernemings tesame met hul verslagdoeningsdatums, indien die verslagdoeningsdatums verskil van dié van die deelnemer wat die belegging maak;
 - (b) die bedrae met betrekking tot enige beduidende onaangesuiwerde transaksies of gebeure wat tussen die verslagdoeningsdatum van die ondernemer en die verslagdoeningsdatum van die gesamentlike onderneming voorkom;
 - (c) die tydperk waarvoor die resultate van bedrywighede van die gesamentlike onderneming in die staat van finansiële prestasie ingesluit word;
 - (d) 'n beskrywing van enige belange in gesamentlike ondernemings wat eksklusief met die oog op hul daaropvolgende vervreemding verkry

word, die rasionaal vir so 'n verkryging asook 'n beskrywing van die beoogde vervreemding;

- (e) indien daar beduidende statutêre, kontraktuele of valutabeheerbepelings op die vermoë van 'n gesamentlike onderneming is om sy reserwes uit te keer (uitgesonderd dié wat as nie-uitkeerbaar aangetoon word), moet die omvang van die bepelings aangedui word; en*
- (f) Inligting oor die beskikbaarheid van afsonderlike finansiële state van 'n gesamentlike onderneming.*

Oorgangsbepalings

- .71 Die oorgangsbepalings wat deur entiteite by die aanvanklike aanvaarding van hierdie Standaard toegepas moet word, word in ('n) lasgewing(s) voorgeskryf. Die bepalings van hierdie Standaard moet met elke toepaslike lasgewing saamgelees word.*

Datum van inwerkingtrede

- .72 'n Entiteit moet hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële state wat tydperke dek wat begin op of ná 'n datum wat deur die Minister van Finansies bepaal word in 'n regulasie wat ooreenkomstig artikel 91(1)(b) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur No. 1 van 1999, soos gewysig, gepubliseer sal word.*

Herroeping van ander uitsprake

- .73 Wanneer hierdie Standaard van krag word vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat begin voor of op ('n datum wat deur die Minister van Finansies bepaal sal word), vervang dit die Standaard van Algemeen Aanvaarde Munisipale Rekeningkundige Praktyk (AAMRP) oor *Finansiële Verslagdoening oor Belange in Gesamentlike Ondernemings* (April 2004).*

Vergelyking met die *International Public Sector Accounting Standard* oor *Financial Reporting of Interests in Joint Ventures* (Mei 2000)

Die Standaard van AERP oor *Belange in Gesamentlike Ondernemings* berus hoofsaaklik op die *International Public Sector Accounting Standard* oor *Financial Reporting of Interests in Joint Ventures*. Die belangrikste verskille tussen die Standaard van AERP oor *Belange in Gesamentlike Ondernemings* en die *International Public Sector Accounting Standard* oor *Financial Reporting of Interest in Joint Ventures* is soos volg:

- 'n Oogmerkparagraaf is in hierdie Standaard ingesluit, terwyl die *International Public Sector Accounting Standard* oor *Financial Reporting of Interests in Joint Ventures* nie een bevat nie.
- Die omvang van hierdie Standaard verskil van die *International Public Sector Accounting Standard* oor *Financial Reporting of Interests in Joint Ventures* in die sin dat staatsakeondernemings verskillend omskryf word. Die inleidende gedeelte van hierdie Standaard verduidelik die omvang en die toepaslikheid daarvan.
- Daar is in hierdie Standaard 'n omskrywing vir die term 'bestuur' ingesluit, terwyl IPSAS 8 nie een bevat nie.
- Die *International Public Sector Accounting Standard* oor *Financial Reporting of Interests in Joint Ventures* beskryf die res van totale bates ná aftrekking van totale laste as "netto bates/ekwiteit", terwyl hierdie standaard daarna verwys as "netto bates".
- Paragrafe wat in die *International Public Sector Accounting Standard* ingesluit is, is na die *Raamwerk vir die Opstelling en Aanbieding van Finansiële state* verskuif en is gevolglik uit hierdie Standaard geskrap, byvoorbeeld paragrafe wat die verduidelikende materiaal oor "toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal" gedek het.
- Hierdie Standaard sluit veranderinge in die *International Accounting Standards* onder die verbeteringsprojek van die *International Accounting Standards Board* (IASB) ooreenkomstig hierdie Raad se besluit in. Dit sluit die vereiste in dat 'n ondernemer die metode openbaar moet maak wat hy volg om sy belange in gesamentlik beheerde entiteite te erken (d.w.s. proporsionele konsolidasie of die ekwiteitsmetode), en die vereiste vir die opstel van 'n ondernemer se afsonderlike finansiële state word deur verwysing na die Standaard van AERP oor *Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State* tot stand gebring.
- Hierdie Standaard vereis nie die toepassing van proporsionele konsolidasie of die ekwiteitsmetode indien 'n belang in 'n gesamentlike onderneming verkry en eksklusief gehou word met die doel om dit binne twaalf maande van verkryging te vervreem nie. Hierdie Standaard vereis dat so 'n belang ekwiteitsverreken word of dat proporsionele konsolidasie toegepas word en dat inligting oor sodanige beleggings in die finansiële state openbaar gemaak word. Die *International Public*

AERP 8

Centre Accounting Standard oor *Financial Reporting of Interests in Joint Ventures* vereis dat sodanige beleggings as 'n belegging in rekening gebring word en laat nie die toepassing van proporsionele konsolidasie of die ekwiteitsmetode toe indien die belang in die gesamentlike onderneming verkry en uitsluitlik gehou is met die oog daarop om dit in die nabye toekoms te vervreem nie.

- Die International Public Sector Accounting Standard oor *Financial Reporting of Interests in Joint Ventures* vereis dat 'n ondernemer die toepassing van proporsionele konsolidasie of die ekwiteitsmetode staak indien die gesamentlike onderneming onder ernstige langtermynbeperkings funksioneer wat sy vermoë om fondse oor te dra of ander niefinansiële voordele aan die ondernemer te voorsien, beduidend aan bande lê. Hierdie Standaard maak nie vir so 'n vrystelling voorsiening nie.
- Die International Public Sector Accounting Standard oor *Financial Reporting of Interests in Joint Ventures* spesifiseer die vereistes vir die in rekening bring van 'n belang in 'n gesamentlike onderneming in die afsonderlike finansiële state van 'n ondernemer wat gekonsolideerde finansiële state uitreik, terwyl hierdie Standaard bepaal dat die vereistes in die Standaard van AERP oor *Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State* toegepas moet word.
- Hierdie Standaard sluit bykomende openbaarmakingsvereistes in wat aangeneem is uit die ekwivalente Nieu-Seelandse Standaard om die verslagdoening oor belange in gesamentlik beheerde entiteite te verbeter.
- Oorgangsbepalings wat op hierdie Standaard van toepassing is, word voorgeskryf in lasgewing 2 tot 4 wat deur die Raad uitgegee is, en word nie in die teks van die Standaard ingesluit nie.